*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* *Registered at the Post Office as a Newspaper*

**Prys 20c Price**
**Oorsee 30c Overseas**
**POSVRY—POST FREE**

VOL. 117] KAAPSTAD, 27 MAART 1975 / CAPE TOWN, 27 MARCH 1975 [No. 4632

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 599. 27 Maart 1975.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 13 van 1975: Wysigingswet op Higiëne by Diereslag, Vleis en Dierlike Produkte, 1975.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 599. 27 March 1975.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 13 of 1975: Animal Slaughter, Meat and Animal Products Hygiene Amendment Act, 1975.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





# ACT

**To amend the provisions of the Animal Slaughter, Meat and Animal Products Hygiene Act, 1967, relating to definitions; so as to determine in greater detail the powers, functions and duties of the Chief Meat Hygiene Officer; to amend the said provisions relating to the issue and lapse of certificates of approval; to provide for the continued operation of an abattoir by an executor, a curator or a trustee in certain circumstances; to amend the said provisions relating to the furnishing to the Chief Meat Hygiene Officer by local authorities of particulars in respect of and information relating to inspectors and authorized persons in their employ; to empower the Minister to appoint a magistrate to investigate and report upon any matter relating to the removal from office or reduction of emoluments of any inspector or authorized person by the local authority employing him; to amend the said provisions relating to refunds in respect of salaries of inspectors or authorized persons employed by local authorities; to provide for the extension of the Minister's powers to appoint inspectors, authorize persons or designate officers in respect of abattoirs and for the use, for certain purposes, of the services provided at any State-controlled laboratory; so as to extend the duties of owners of or operators at abattoirs in respect of hygiene; to provide for the exercise of control over the exportation of meat and animal products and for the extension of the power to make regulations; and to provide for incidental matters.**

(*Afrikaans text signed by the State President.*)
(*Assented to* 19 *March* 1975.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 87 of 1967, as amended by section 1 of Act 36 of 1972.

**1.** Section 1 of the Animal Slaughter, Meat and Animal Products Hygiene Act, 1967 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended —

(*a*) by the substitution for the definition of "abattoir" of the following definition:

" 'abattoir' means —

(*a*) any place where animals are slaughtered or are intended to be slaughtered, and includes all facilities or installations which normally appertain or are attached to such a place, whether or not such facilities or installations are located at the same place as such place; and

(*b*) any other place, facility or installation or class or kind of place, facility or installation used or established for or in connection with the handling, refrigeration, storage, cutting,

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



# WET

**Tot wysiging van die bepalings van die Wet op Higiëne by Diereslag, Vleis en Dierlike Produkte, 1967, met betrekking tot woordomskrywings; ten einde die bevoegdhede, werksaamhede en pligte van die Hoof-vleishigiënebeampte nader te bepaal; tot wysiging van genoemde bepalings met betrekking tot die uitreiking en verval van sertifikate van goedkeuring; om voorsiening te maak vir die voortgesette bestuur van 'n abattoir deur 'n eksekuteur of 'n kurator onder sekere omstandighede; tot wysiging van genoemde bepalings met betrekking tot die verstrekking aan die Hoof-vleishigiënebeampte deur plaaslike besture van besonderhede ten opsigte van en inligting betreffende inspekteurs en gemagtigde persone in hul diens; ten einde die Minister te magtig om 'n landdros aan te stel om ondersoek in te stel na en verslag te doen aangaande enige aangeleentheid met betrekking tot die ontslag uit sy amp of die vermindering van die besoldiging van 'n inspekteur of gemagtigde persoon deur die plaaslike bestuur in wie se diens hy is; tot wysiging van genoemde bepalings met betrekking tot terugbetalings ten opsigte van salarisse van inspekteurs of gemagtigde persone in diens by plaaslike besture; om voorsiening te maak vir die uitbreiding van die Minister se bevoegdhede om inspekteurs aan te stel, persone te magtig of beamptes aan te wys ten opsigte van abattoirs en vir die gebruik, vir sekere doeleindes, van die dienste wat by 'n Staatsbeheerde laboratorium verskaf word; ten einde die pligte van eienaars van of operateurs by abattoirs ten opsigte van higiëne uit te brei; om voorsiening te maak vir die uitoefening van beheer oor die uitvoer van vleis en dierlike produkte en vir die uitbreiding van die bevoegdheid om regulasies uit te vaardig; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.**

---

(*Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 19 *Maart* 1975.)

---

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 1 van Wet 87 van 1967, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 36 van 1972.**

**1.** Artikel 1 van die Wet op Higiëne by Diereslag, Vleis en Dierlike Produkte, 1967 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

(*a*) deur die omskrywing van „abattoir" deur die volgende omskrywing te vervang:

„ ,abattoir'—

(*a*) 'n plek waar diere geslag word of wat vir die slag van diere bestem is, met inbegrip van alle fasiliteite of installasies wat normaalweg by so 'n plek tuishoort of daaraan verbonde is, ongeag of sodanige fasiliteite of installasies op dieselfde plek as sodanige plek geleë is, al dan nie; en

(*b*) enige ander plek, fasiliteit of installasie, of klas of soort plek, fasiliteit of installasie gebruik of ingestel vir of in verband met die hantering, verkoeling, opberging, opsny, ont-

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





deboning, preparation, packing, freezing, treatment, preservation or disposal of meat or animal products or at or in which any other activity with or in connection with meat or animal products is performed, and which the Minister by notice in the *Gazette* declares to be an abattoir for the purposes of this Act;";

(*b*) by the substitution for the definition of "animal product" of the following definition:

"'animal product' means all portions of an animal (other than the fresh meat thereof) and products prepared from meat;";

(*c*) by the insertion after the definition of "authorized person" of the following definition:

" 'carcass' means the body of any slaughtered animal after bleeding and dressing;";

(*d*) by the substitution for the definition of "dress" of the following definition:

" 'dress' means —

(*a*) in relation to slaughtered animals, excluding pigs, sheep, goats, poultry and ostriches, the removal of the head, hide or skin, the viscera (with or without the kidneys), genital organs, urinary bladder, feet up to the carpal and tarsal joints and the udders of animals which are in an advanced state of pregnancy, have cast young or are lactating;

(*b*) in relation to slaughtered pigs, the removal of the hair and bristles or skin, the trotters, eyelids, viscera (with or without the kidneys), genital organs, urinary bladder, external auditory canal unless satisfactorily cleaned and the udders of animals which are in an advanced state of pregnancy, have farrowed or are lactating;

(*c*) in relation to sheep and goats, the removal of the head (except in the case of young lambs and young kids), pelt or skin, the viscera (with or without the kidneys), genital organs, urinary bladder, feet up to the carpal and tarsal joints and the udders of animals which are in an advanced state of pregnancy, have lambed or are lactating;

(*d*) in relation to poultry and ostriches, the removal of the feathers and down, the head, crop, trachea, oesophagus, entrails, genital organs, lungs and the feet up to the tarsal joints,

including, in the case of cattle, pigs, and solipeds, where required, the lengthwise splitting of the carcass;";

(*e*) by the substitution for the definition of "edible offal" of the following definition:

" 'edible offal', in relation to a slaughtered animal, means the brain, tongue, thymus, pancreas, liver, spleen, kidneys, testicles, heart, lungs, tail, oesophagus, diaphragm, head, stomachs, blood (if collected as prescribed), omentum, intestines, trotters, cowheels, feet and, in the case of a heifer, the udder;";

(*f*) by the insertion after the definition of "edible offal" of the following definition:

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



bening, voorbereiding, verpakking, bevriesing, behandeling en preservering van of beskikking oor vleis of dierlike produkte of waar of waarin enige ander bedrywigheid met of in verband met vleis of dierlike produkte verrig word, en wat die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* tot 'n abattoir vir die doeleindes van hierdie Wet verklaar;";

(*b*) deur ná die omskrywing van „besmet" die volgende omskrywing in te voeg:

„,besmetlike ding' enige ander ding as 'n dier of vervoermiddel, ten opsigte waarvan die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* verklaar dat dit waarskynlik siekte uit 'n abattoir sal versprei;";

(*c*) deur die omskrywing van „dierlike produk" deur die volgende omskrywing te vervang:

„,dierlike produk' alle gedeeltes van 'n dier (behalwe die vars vleis daarvan) en produkte voorberei van vleis;";

(*d*) deur die omskrywing van „eetbare afval" deur die volgende omskrywing te vervang:

„,eetbare afval', met betrekking tot 'n geslagte dier, die harsings, tong, timus, pankreas, lewer, milt, niere, saadballe, hart, longe, stert, slukderm, diafragma, kop, pense, bloed (indien opgevang soos voorgeskryf), netvet, derms, pootjies, kloutjies, voete en, in die geval van 'n vers, die uier;";

(*e*) deur ná die omskrywing van „hierdie Wet" die volgende omskrywing in te voeg:

„,ingewande' afval van die bors-, buik- en bekkenholte, en ook die lugbuis en slukderm;";

(*f*) deur ná die omskrywing van „inspekteur" die volgende omskrywings in te voeg:

„,installasie' 'n aanleg wat gebruik word vir sterilisering van bene of ander stowwe, van enige ouderdom, verkry van diere, of van enige gewerwelde of ongewerwelde dier wat die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* vermeld;

,karkas' die liggaam van 'n geslagte dier nadat dit uitgebloei en skoongemaak is;";

(*g*) deur die omskrywing van „Minister" deur die volgende omskrywing te vervang:

„,Minister' die Minister van Landbou;";

(*h*) deur die omskrywing van „skoonmaak" deur die volgende omskrywing te vervang:

„,skoonmaak'—

(*a*) met betrekking tot geslagte diere uitgesonderd varke, skape, bokke, pluimvee en volstruise, die verwydering van die kop, huid of vel, die ingewande (met of sonder die niere), geslagsorgane, blaas, pote tot by die karpale en tarsale gewrigte en die uiers van diere wat in 'n gevorderde staat van dragtigheid is, gejong het of lakterend is;

(*b*) met betrekking tot geslagte varke, die verwydering van die hare en steekhare of vel, die pootjies, ooglede, ingewande (met of sonder die niere), geslagsorgane, blaas, eksterne gehoorgang tensy bevredigend gereinig, en die uiers van diere wat in 'n gevorderde staat van dragtigheid is, gejong het of lakterend is;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





" 'fresh meat' means meat which has not undergone any processing other than chilling or freezing;

(*g*) by the insertion after the definition of "infected" of the following definition:

" 'infectious thing' means any thing, other than an animal, or a conveyance which the Minister by notice in the *Gazette* declares to be likely to spread disease from an abattoir;";

(*h*) by the insertion after the definition of "inspector" of the following definition:

" 'installation' means a plant used for the sterilizing of bones or other substances, of any age, derived from animals or from any vertebrate or invertebrate specified by the Minister by notice in the *Gazette*;";

(*i*) by the substitution for the definition of "Minister" of the following definition:

"'Minister' means the Minister of Agriculture;"; and

(*j*) by the insertion after the definition of "veterinarian" of the following definition:

" 'viscera' means offal from the thoracic, abdominal and pelvic cavities, as well as the trachea and the oesophagus.".

Amendment of section 2 of Act 87 of 1967.

**2.** Section 2 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The Minister shall designate an officer, who shall be a veterinarian, as Chief Meat Hygiene Officer, who shall be charged with —

(*a*) the maintenance of hygiene in the slaughtering of animals and the handling of fresh meat and animal products;

(*b*) the prevention of the transmission of disease to humans or animals through diseased or infected animals, meat or animal products;

(*c*) the care of and control over animals intended for slaughter and the prevention of cruelty in the slaughtering of animals;

(*d*) the exercise of control over hygiene in the importation and exportation of fresh meat and animal products,

and who shall exercise the other powers, perform the other functions and carry out the other duties conferred upon, assigned to or imposed upon the Chief Meat Hygiene Officer by or under this Act or by the Minister by notice in the *Gazette*.".

Amendment of section 4 of Act 87 of 1967.

**3.** Section 4 of the principal Act is hereby amended —

(*a*) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) If after consideration of any such application and after any investigation or enquiry which he may consider necessary, the Chief Meat Hygiene Officer is satisfied that the abattoir in question complies with the prescribed requirements, he shall issue a certificate of approval in respect of such abattoir unconditionally or subject to such conditions as the Chief Meat Hygiene Officer may in each case determine.";

(*b*) by the substitution for subsection (3) of the fol'owing subsection:

"(3) If after consideration of any such application and after any investigation or enquiry which he may

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





(c) met betrekking tot skape en bokke, die verwydering van die kop (behalwe in die geval van jong lammers en jong bokkies), pels of vel, die ingewande (met of sonder die niere), geslagsorgane, blaas, pote tot by die karpale en tarsale gewrigte en die uiers van diere wat in 'n gevorderde staat van dragtigheid is, gejong het of lakterend is;

(d) met betrekking tot pluimvee en volstruise, die verwydering van die vere en dons, die kop, krop, lugbuis, slukderm, ingewande, geslagsorgane, longe en die pote tot by die tarsale gewrigte,

en ook, in die geval van beeste, varke en eenhoewiges, waar vereis word, die splitsing van die karkas in die lengte;"; en

(i) deur ná die omskrywing van „toestel" die volgende omskrywing in te voeg:

„,vars vleis' vleis wat nie enige ander verwerking as verkoeling of bevriesing ondergaan het nie;".

Wysiging van artikel 2 van Wet 87 van 1967.

**2.** Artikel 2 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Die Minister wys 'n beampte, wat 'n veearts is, as Hoof-vleishigiënebeampte aan, wat belas is met—

(a) die handhawing van higiëne by die slag van diere en die hantering van vars vleis en dierlike produkte;

(b) die voorkoming van die oordra van siekte na mense of diere deur siektebesmette of besmette diere, vleis of dierlike produkte;

(c) die versorging van en beheer oor diere wat vir slag bestem is en die voorkoming van mishandeling by die slag van diere;

(d) die uitoefening van beheer oor higiëne by die invoer en uitvoer van vars vleis en dierlike produkte,

en wat die ander bevoegdhede uitoefen, die ander werksaamhede verrig en die ander pligte uitvoer wat by of kragtens hierdie Wet of deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* aan die Hoof-vleishigiënebeampte verleen, toegewys of hom opgelê word.".

Wysiging van artikel 4 van Wet 87 van 1967.

**3.** Artikel 4 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

„(2) Indien die Hoof-vleishigiënebeampte na oorweging van so 'n aansoek en na enige ondersoek of navraag wat hy nodig ag, oortuig is dat die betrokke abattoir aan die voorgeskrewe vereistes voldoen, moet hy, onvoorwaardelik of onderworpe aan die voorwaardes wat die Hoof-vleishigiënebeampte in elke geval bepaal, 'n sertifikaat van goedkeuring ten opsigte van sodanige abattoir uitreik.";

(b) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

„(3) Indien die Hoof-vleishigiënebeampte na oorweging van so 'n aansoek en na enige ondersoek of na-

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





consider necessary, the Chief Meat Hygiene Officer is satisfied that the abattoir in question does not comply with the prescribed requirements he shall —

(*a*) refuse to issue a certificate of approval; or

(*b*) issue a certificate of approval subject to such conditions as he may in each case determine and such a certificate shall be valid for such period, not exceeding the period prescribed in terms of subsection (4), as the Chief Meat Hygiene Officer may in each case determine."; and

(*c*) by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) A certificate of approval issued in terms of subsection (2) shall be valid for such period as may be prescribed.".

**Substitution of section 9 of Act 87 of 1967.**

**4.** The following section is hereby substituted for section 9 of the principal Act:

"Display, lapse and return of certificate of approval.

**9.** (1) The owner of any abattoir shall cause the certificate of approval issued in respect of such abattoir to be displayed at all times in a prominent position at or near the main entrance of the abattoir.

(2) (*a*) A certificate of approval shall lapse if—

(i) the owner to whom it was issued ceases to be the owner of the abattoir in question; or

(ii) the abattoir in respect of which it was issued ceases to be used as an abattoir.

(*b*) If any certificate of approval lapses in terms of paragraph (*a*) or is withdrawn in terms of section 14 the person who was the owner of the abattoir immediately before such certificate of approval lapsed or was withdrawn, as the case may be, shall forthwith return the certificate of approval in question to the Chief Meat Hygiene Officer for cancellation.

(3) If a person to whom a certificate of approval in respect of an abattoir has been issued, dies, or is declared by any court to be incapable of managing his own affairs or a prodigal, or becomes a patient as defined in section 1 of the Mental Health Act, 1973 (Act No. 18 of 1973), or if the estate of any such person is sequestrated, his certificate of approval shall enure for the benefit of his executor, curator, or trustee, as the case may be, who may, subject to any law relating to deceased estates, mental health or insolvency, as the case may be, without formal transfer operate the abattoir either personally or by some agent approved in writing, pending the approval of the Chief Meat Hygiene Officer, by the state veterinarian of the district wherein the abattoir in question is situated, until the date of expiry of such certificate: Provided that, for the period pending the appointment of such executor, curator or trustee, the person managing the affairs of the person to whom the certificate of approval in respect of the abattoir in question has been issued, shall be deemed to be such executor, curator or trustee.

(4) If any abattoir is regraded in terms of section 10 or 11, the owner thereof shall forthwith return the certificate of approval which was issued in respect

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



vraag wat hy nodig ag, oortuig is dat die betrokke abattoir nie aan die voorgeskrewe vereistes voldoen nie, moet hy—

(*a*) weier om 'n sertifikaat van goedkeuring uit te reik; of

(*b*) 'n sertifikaat van goedkeuring uitreik onderworpe aan die voorwaardes wat hy in elke geval bepaal en so 'n sertifikaat is geldig vir die tydperk, wat die ingevolge subartikel (4) voorgeskrewe tydperk nie te bowe gaan nie, wat die Hoof-vleishigiënebeampte in elke geval bepaal."; en

(*c*) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

„(4) 'n Sertifikaat van goedkeuring uitgereik ingevolge subartikel (2) is geldig vir die tydperk wat voorgeskryf word.".

Vervanging van artikel 9 van Wet 87 van 1967.

**4.** Artikel 9 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Vertoning, verval en terugbesorging van sertifikaat van goedkeuring.

**9.** (1) Die eienaar van 'n abattoir moet die sertifikaat van goedkeuring wat ten opsigte van sodanige abattoir uitgereik is te alle tye op 'n opvallende plek by of naby die hoofingang van die abattoir laat vertoon.

(2) (*a*) 'n Sertifikaat van goedkeuring verval indien—

(i) die eienaar aan wie dit uitgereik is, ophou om die eienaar van die betrokke abattoir te wees; of

(ii) die abattoir ten opsigte waarvan dit uitgereik is, nie langer as 'n abattoir gebruik word nie.

(*b*) Indien 'n sertifikaat van goedkeuring ingevolge paragraaf (*a*) verval of kragtens artikel 14 ingetrek word, moet die persoon wat die eienaar van die abattoir was onmiddellik voordat sodanige sertifikaat van goedkeuring verval het of ingetrek is, na gelang van die geval, die betrokke sertifikaat van goedkeuring onverwyld aan die Hoof-vleishigiënebeampte vir kansellering terugbesorg.

(3) Indien 'n persoon aan wie 'n sertifikaat van goedkeuring ten opsigte van 'n abattoir uitgereik is, sterf of deur 'n hof onbekwaam om sy eie sake te beheer of tot 'n verkwister verklaar word, of 'n pasiënt word soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Geestesgesondheid, 1973 (Wet No. 18 van 1973), of indien die boedel van so 'n persoon gesekwestreer word, gaan sy sertifikaat van goedkeuring oor op sy eksekuteur of kurator, na gelang van die geval, wat, met inagneming van die regsbepalings op bestorwe boedels, geestesgesondheid of insolvensie, na gelang van die geval, sonder formele oordrag die abattoir self of deur 'n agent wat, hangende die goedkeuring van die Hoof-vleishigiënebeampte, deur die staatsveearts van die distrik waarin die betrokke abattoir geleë is skriftelik goedgekeur is, mag bestuur tot die datum waarop sodanige sertifikaat verval: Met dien verstande dat die persoon wat die sake behartig van die persoon aan wie die sertifikaat van goedkeuring ten opsigte van die betrokke abattoir uitgereik is, gedurende die tydperk hangende die aanstelling van bedoelde eksekuteur of kurator geag word sodanige eksekuteur of kurator te wees.

(4) Indien 'n abattoir kragtens artikel 10 of 11 hergradeer word, moet die eienaar daarvan onverwyld die sertifikaat van goedkeuring wat ten opsigte

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



of such abattoir to the Chief Meat Hygiene Officer, and the Chief Meat Hygiene Officer shall thereupon issue a fresh certificate of approval to the owner: Provided that the letter from the Chief Meat Hygiene Officer notifying the said owner that the abattoir in question has been regraded, shall be deemed to be a certificate of approval during the period as from the date of the return of the old certificate of approval to the Chief Meat Hygiene Officer to the date of the receipt of the fresh certificate of approval by the owner.".

**Amendment of section 19 of Act 87 of 1967.**

5. Section 19 of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) An inspector appointed or a person authorized under subsection (1) may also exercise such powers, perform such functions and carry out such duties not connected with an abattoir in respect of which he is an inspector or authorized person as are conferred upon, entrusted to or imposed upon such an inspector or person by or under this Act.";

(*b*) by the substitution for paragraph (*b*) of subsection (3) of the following paragraph:

"(*b*) Any local authority which has in its employ any such person as is referred to in subsection (1) (*a*) or (*b*) shall within the prescribed period furnish the Chief Meat Hygiene Officer with such particulars in respect of and such information relating to such person as may be prescribed or as the Chief Meat Hygiene Officer may require.";

(*c*) by the insertion of the following subsection after subsection (4):

"(4A) (*a*) If he deems it expedient the Minister may, before granting his approval as contemplated in subsection (4), cause the matter to be investigated and reported upon to him by a magistrate.

(*b*) A magistrate conducting any investigation under paragraph (*a*) may—

(i) summon any person who in his opinion may be able to give material information concerning the subject of the investigation or who he believes has in his possession or custody or under his control any document which has any bearing upon the subject of the investigation, to appear before him at a time and place specified in the summons, to be interrogated or to produce that document, and the magistrate may retain for examination any document so produced;

(ii) call and administer an oath to, or accept an affirmation from, any person present at the investigation who was or might have been summoned in terms of this paragraph, and interrogate him and require him to produce any document in his possession or custody or under his control; and

(iii) determine the procedure to be followed at the investigation.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





van sodanige abattoir uitgereik is, aan die Hoof-vleishigiënebeampte terugbesorg en die Hoof-vleishigiënebeampte moet daarop 'n nuwe sertifikaat van goedkeuring aan die eienaar uitreik: Met dien verstande dat die brief van die Hoof-vleishigiënebeampte waarin die bedoelde eienaar in kennis gestel word dat die betrokke abattoir hergradeer is, geag word 'n sertifikaat van goedkeuring te wees gedurende die tydperk vanaf die datum van die terugbesorging van die ou sertifikaat van goedkeuring aan die Hoof-vleishigiënebeampte tot die datum van die ontvangs van die nuwe sertifikaat van goedkeuring deur die eienaar.".

Wysiging van artikel 19 van Wet 87 van 1967.

**5.** Artikel 19 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

„(2) 'n Inspekteur wat kragtens subartikel (1) aangestel is of 'n persoon wat daarkragtens gemagtig is, kan ook dié bevoegdhede uitoefen, dié werksaamhede verrig en dié pligte uitvoer wat nie in verband staan nie met 'n abattoir ten opsigte waarvan hy 'n inspekteur of gemagtigde persoon is, wat by of kragtens hierdie Wet aan so 'n inspekteur of gemagtigde persoon verleen of toegewys of hom opgelê word.";

(*b*) deur paragraaf (*b*) van subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*b*) 'n Plaaslike bestuur wat 'n persoon soos in subartikel (1) (*a*) of (*b*) bedoel in sy diens het, moet binne die voorgeskrewe tydperk aan die Hoof-vleishigiënebeampte dié besonderhede ten opsigte van en dié inligting betreffende sodanige persoon verstrek wat voorgeskryf word of wat die Hoof-vleishigiënebeampte verlang.";

(*c*) deur die volgende subartikel na subartikel (4) in te voeg:

„(4A) (*a*) Indien hy dit dienstig ag, kan die Minister, voordat hy sy goedkeuring verleen soos beoog in subartikel (4), die aangeleentheid laat ondersoek, en verslag daaroor aan hom laat doen, deur 'n landdros.

(*b*) 'n Landdros wat kragtens paragraaf (*a*) 'n ondersoek instel, kan—

(i) enige persoon wat na sy oordeel in staat mag wees om ter sake dienende inligting te verstrek omtrent die onderwerp van die ondersoek of wat na hy vermoed 'n stuk wat betrekking het op die onderwerp van die ondersoek in sy besit of bewaring of onder sy beheer het, dagvaar om op 'n tyd en plek in die dagvaarding vermeld voor hom te verskyn om ondervra te word of om daardie stuk oor te lê, en die landdros kan 'n stuk wat aldus oorgelê is vir ondersoek behou;

(ii) 'n by die ondersoek aanwesige persoon wat ingevolge hierdie paragraaf gedagvaar is of kon geword het, oproep en aan hom 'n eed oplê of van hom 'n bevestiging aanneem, en hom ondervra en hom aansê om enige stuk in sy besit of bewaring of onder sy beheer oor te lê; en

(iii) die prosedure wat by die ondersoek gevolg moet word, bepaal.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(*c*) (i) A summons requiring, in terms of paragraph (b), the appearance before the magistrate of any person or the production of any document, shall be in a form determined by the magistrate and shall be signed by him.

(ii) If any person who has been duly summoned under paragraph (*b*) (i) fails, without sufficient cause, to attend at the time and place specified in the summons, or to remain in attendance until excused by the magistrate from further attendance, or if any person called in terms of paragraph (*b*) (ii) refuses to be sworn or to affirm as a witness, or fails, without sufficient cause, to answer fully and satisfactorily to the best of his knowledge and belief all questions lawfully put to him concerning the subject of the investigation, or to produce any document in his possession or custody or under his control which he has been required to produce, he shall be guilty of an offence: Provided that in connection with the interrogation of any such person, or the production of any such document, the law relating to privilege, as applicable to a witness subpoenaed to give evidence or to produce any document before a court of law, shall apply.

(iii) Any person convicted of an offence under this paragraph shall be liable to a fine not exceeding fifty rand."; and

(*d*) by the substitution for paragraph (*a*) of subsection (6) of the following paragraph:

"(*a*) If at any time the Minister is satisfied that hygiene is not being maintained or that the requirements of this Act are not being complied with at any abattoir of which a local authority is the owner or at which a local authority is an operator he may by writing under his hand determine that no person employed by the local authority shall, for the purposes of this Act, be regarded as an inspector appointed or person authorized under subsection (1) or as an inspector or person who is in terms of subsection (3) deemed to have been so appointed or authorized.".

**Amendment of section 20 of Act 87 of 1967.**

**6.** Section 20 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The Minister may, subject to the provisions of subsections (2) and (3), refund out of the Consolidated Revenue Fund to any local authority which has in its employ any inspector appointed or person authorized under section 19 (1) or deemed in terms of section 19 (3) to have been so appointed or authorized, an amount not exceeding one-third of the amount paid by such local authority by way of salary to such inspector or person, provided such local authority submits a claim for such refund in the manner and within the period prescribed.".

**Amendment of section 21 of Act 87 of 1967.**

**7.** Section 21 of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Subject to the laws governing the Public Service the Minister may—

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(*c*) (i) 'n Dagvaarding wat ingevolge paragraaf (*b*) 'n persoon gelas om voor die landdros te verskyn of om 'n stuk oor te lê, moet in 'n deur die landdros bepaalde vorm wees en moet deur hom onderteken word.

(ii) Indien iemand wat behoorlik kragtens paragraaf (*b*) (i) gedagvaar is, sonder voldoende rede versuim om op die in die dagvaarding vermelde tyd en plek te verskyn, of om aanwesig te bly totdat die landdros hom van verdere bywoning vrystel, of indien iemand wat ooreenkomstig paragraaf (*b*) (ii) opgeroep is, weier om as getuie beëdig te word of 'n bevestiging af te lê, of sonder voldoende rede versuim om volledig en bevredigend na die beste van sy kennis en geloof te antwoord op alle vrae wettiglik aan hom gestel oor die onderwerp wat ondersoek word, of om 'n stuk in sy besit of bewaring of onder sy beheer oor te lê wat hy aangesê is om oor te lê, is hy aan 'n misdryf skuldig: Met dien verstande dat in verband met die ondervraging van so 'n persoon, of die oorlegging van so 'n stuk, die regsbepalings met betrekking tot privilegie, soos van toepassing op 'n getuie wat gedagvaar is om voor 'n geregshof getuienis af te lê of 'n stuk oor te lê, van toepassing is.

(iii) Iemand wat weens 'n misdryf ingevolge hierdie paragraaf veroordeel word, is strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig rand."; en

(*d*) deur paragraaf (*a*) van subartikel (6) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*a*) Indien die Minister te eniger tyd oortuig is dat higiëne nie gehandhaaf word nie of dat daar nie aan die vereistes van hierdie Wet voldoen word nie by enige abattoir waarvan 'n plaaslike bestuur die eienaar is of waar 'n plaaslike bestuur 'n operateur is, kan hy skriftelik onder sy handtekening bepaal dat geen persoon in diens by die plaaslike bestuur, by die toepassing van hierdie Wet, beskou word nie as 'n inspekteur wat kragtens subartikel (1) aangestel is of as 'n persoon wat daarkragtens gemagtig is of as 'n inspekteur of persoon wat ingevolge subartikel (3) geag word aldus aangestel of gemagtig te gewees het.".

**Wysiging van artikel 20 van Wet 87 van 1967.**

**6.** Artikel 20 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Behoudens die bepalings van subartikels (2) en (3), kan die Minister uit die Gekonsolideerde Inkomstefonds aan 'n plaaslike bestuur wat 'n inspekteur wat kragtens artikel 19 (1) aangestel is of 'n persoon wat daarkragtens gemagtig is of 'n inspekteur of persoon wat ingevolge artikel 19 (3) geag word aldus aangestel of gemagtig te gewees het, in sy diens het, 'n bedrag terugbetaal wat hoogstens eenderde kan wees van die bedrag wat sodanige plaaslike bestuur by wyse van salaris aan sodanige inspekteur of persoon betaal, mits sodanige plaaslike bestuur 'n eis om sodanige terugbetaling indien op die wyse en binne die tydperk wat voorgeskryf word.".

**Wysiging van artikel 21 van Wet 87 van 1967.**

**7.** Artikel 21 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Behoudens die wetsbepalings op die Staatsdiens, kan die Minister—

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(*a*) appoint one or more persons who hold the qualifications prescribed for the purposes of this paragraph as an inspector or as inspectors;

(*b*) authorize one or more persons who hold the qualifications prescribed for the purposes of this paragraph; or

(*c*) designate one or more officers,

to exercise such powers, perform such functions and carry out such duties in respect of one or more abattoirs or of abattoirs generally, as are by this Act conferred upon, assigned to or imposed upon inspectors so appointed, persons so authorized or officers so designated."; and

(*b*) by the addition of the following subsections:

"(3) The appointment of an inspector or authorizing of a person in respect of an abattoir under section 19 (1), shall not prevent an inspector appointed, person authorized or officer designated under subsection (1) from exercising such powers, performing such functions and carrying out such duties in respect of such abattoir as are by this Act conferred upon, assigned to or imposed upon inspectors appointed, persons authorized or officers designated under the said subsection.

(4) In consultation with the Minister of Finance, any person authorized in terms of subsection (1) (*b*) who is not in the full-time service of the State, shall be paid out of funds appropriated by Parliament for such purpose such fees in respect of services rendered by him under this section as may be agreed upon with such person or with his employer, as the case may be.".

**Amendment of section 22 of Act 87 of 1967.**

**8.** Section 22 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsection:

"(3) The Minister may permit the use, on payment of the prescribed fee and for the purposes specified in subsection (1), of the services provided at a State-controlled laboratory.".

Substitution of section 23 of Act 87 of 1967.

**9.** The following section is hereby substituted for section 23 of the principal Act:

"Facilities to be provided and hygiene requirements to be complied with by owner of or operator at abattoir.

**23.** An owner of or operator at any abattoir shall—

(*a*) provide at such abattoir the prescribed facilities for the hygienic keeping, slaughtering and dressing of animals and for the hygienic handling, refrigeration, storage, cutting, deboning, preparation, packing, freezing, treatment, preservation and disposal of meat and animal products;

(*b*) ensure that such abattoir is managed and maintained in the prescribed manner; and

(*c*) enforce at such abattoir the practice of the prescribed procedures for the hygienic keeping, slaughtering and dressing of animals and for the hygienic handling, refrigeration, storage, cutting, deboning, preparation, packing, freezing, treatment, preservation and disposal of meat and animal products.".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(a) een of meer persone wat die kwalifikasies besit wat vir die doeleindes van hierdie paragraaf voorgeskryf word, as 'n inspekteur of as inspekteurs aanstel;

(b) een of meer persone wat die kwalifikasies besit wat vir die doeleindes van hierdie paragraaf voorgeskryf word, magtig; of

(c) een of meer beamptes aanwys,

om ten opsigte van een of meer abattoirs of van abattoirs in die algemeen die bevoegdhede uit te oefen, die werksaamhede te verrig en die pligte uit te voer wat by hierdie Wet aan aldus aangestelde inspekteurs, gemagtigde persone of aangewese beamptes verleen of toegewys of hulle opgelê word."; en

(b) deur die volgende subartikels by te voeg:

„(3) Die aanstelling van 'n inspekteur of magtiging van 'n persoon ten opsigte van 'n abattoir kragtens artikel 19 (1), belet nie dat 'n inspekteur aangestel, persoon gemagtig of beampte aangewys kragtens subartikel (1) ten opsigte van daardie abattoir die bevoegdhede uitoefen, die werksaamhede verrig en die pligte uitvoer wat by hierdie Wet verleen, toegewys of opgelê word aan inspekteurs aangestel, persone gemagtig of beamptes aangewys kragtens die bedoelde subartikel nie.

(4) In oorleg met die Minister van Finansies, word aan 'n kragtens subartikel (1) (b) gemagtigde persoon wat nie in die heeltydse diens van die Staat is nie, uit fondse wat vir dié doel deur die Parlement bewillig is dié gelde betaal ten opsigte van dienste kragtens hierdie artikel deur hom gelewer waartoe met sodanige persoon of sy werkgewer, na gelang van die geval, ooreengekom word.".

**Wysiging van artikel 22 van Wet 87 van 1967.**

**8.** Artikel 22 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

„(3) Die Minister kan die gebruik, teen betaling van die voorgeskrewe gelde en vir die doeleindes wat in subartikel (1) vermeld word, van die dienste wat by 'n Staatsbeheerde laboratorium verskaf word, toelaat.".

**Vervanging van artikel 23 van Wet 87 van 1967.**

**9.** Artikel 23 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

**„Fasiliteite wat verskaf en higiënevereistes wat nagekom moet word deur eienaar van of operateur by abattoir.**

**23.** 'n Eienaar van of operateur by 'n abattoir moet—

(a) by sodanige abattoir die voorgeskrewe fasiliteite vir die higiëniese hou, slag en skoonmaak van diere en vir die higiëniese hantering, verkoeling, opberging, opsny, ontbening, voorbereiding, verpakking, bevriesing, behandeling en preservering van en beskikking oor vleis en dierlike produkte verskaf;

(b) verseker dat sodanige abattoir op die voorgeskrewe wyse bestuur en in stand gehou word; en

(c) by sodanige abattoir die toepassing van die voorgeskrewe prosedures vir die higiëniese hou, slag en skoonmaak van diere en vir die higiëniese hantering, verkoeling, opberging, opsny, ontbening, voorbereiding, verpakking, bevriesing, behandeling en preservering van en beskikking oor vleis en dierlike produkte afdwing.".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





Substitution of section 28 of Act 87 of 1967.

**10.** The following section is hereby substituted for section 28 of the principal Act:

"Meat passed as fit for human consumption may not be sold, etc., unless marked.

**28.** No person shall sell or otherwise dispose of or remove from any abattoir any meat which in terms of section 27 (*a*) or any other law has been passed as fit for human consumption unless it has been marked as prescribed.".

Substitution of section 29 of Act 87 of 1967.

**11.** The following section is hereby substituted for section 29 of the principal Act:

"Manner in which condemned animals, meat or animal products shall be dealt with.

**29.** Any animal, meat or animal product condemned in terms of section 27 (*b*) or any other law shall be marked, seized, detained, destroyed or otherwise disposed of or dealt with as prescribed.".

Amendment of section 30 of Act 87 of 1967.

**12.** Section 30 of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph (*a*) of the following words:

"Any inspector, authorized person or designated officer may at all reasonable times enter any abattoir in respect of which he is an inspector, authorized person or designated officer in terms of this Act, or any place or conveyance wherein or whereon any animal intended for slaughter at such abattoir or any meat or animal product derived from any animal slaughtered at such abattoir is kept, stored or carried, or is on reasonable grounds believed to be kept, stored or carried, or any place where any animal, meat or animal product, condemned at such abattoir in terms of section 27 (*b*) or any other law is being detained, destroyed, disposed of or dealt with in terms of any regulation or is on reasonable grounds believed to be so detained, destroyed, disposed of or dealt with and take with him such assistants and such animals, vehicles, appliances, drugs and other things as he may deem necessary for his purpose, and there—";

(*b*) by the substitution in subsection (3) for the words preceding paragraph (*a*) of the following words:

"If, upon or after an inspection under this Act by an inspector or authorized person who holds the qualifications prescribed for the purposes of this subsection, or by an officer designated under section 21 (1) (*c*) for the purposes of this subsection, of any abattoir or any place wherein any animal intended for slaughter at an abattoir is kept, such inspector, authorized person or designated officer is of the opinion that, in relation to the control of disease or to the requirements prescribed for the maintenance of hygiene—"; and

(*c*) by the deletion of subsection (5).

Substitution of section 31 of Act 87 of 1967.

**13.** The following section is hereby substituted for section 31 of the principal Act:

"Importation and exportation of meat and animal products.

**31.** No person shall import or export any fresh meat of any animal or any animal product except in accordance with such requirements or conditions as may be prescribed.".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





Vervanging van artikel 28 van Wet 87 van 1967.

**10.** Artikel 28 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Vleis wat as geskik vir menslike verbruik goedgekeur is, mag nie verkoop, ens., word nie tensy gemerk.

**28.** Niemand mag enige vleis wat kragtens artikel 27 (*a*) of enige ander wet as geskik vir menslike verbruik goedgekeur is, verkoop of op 'n ander wyse van die hand sit nie of van 'n abattoir af verwyder nie tensy dit soos voorgeskryf gemerk is.".

Vervanging van artikel 29 van Wet 87 van 1967.

**11.** Artikel 29 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Wyse waarop met afgekeurde diere, vleis of dierlike produkte gehandel moet word.

**29.** Enige dier, vleis of dierlike produk wat kragtens artikel 27 (*b*) of enige ander wet afgekeur is, moet gemerk, beslag op gelê, aangehou, vernietig of andersins oor beskik of mee gehandel word, soos voorgeskryf word.".

Wysiging van artikel 30 van Wet 87 van 1967.

**12.** Artikel 30 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf (*a*) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

„'n Inspekteur, gemagtigde persoon of aangewese beampte kan te alle redelike tye 'n abattoir ten opsigte waarvan hy ingevolge hierdie Wet 'n inspekteur, gemagtigde persoon of aangewese beampte is, of 'n plek of vervoermiddel waarin of waarop daar 'n dier wat bestem is om by sodanige abattoir geslag te word of enige vleis of dierlike produk wat verkry is van 'n dier wat by sodanige abattoir geslag is, gehou, opgeberg of vervoer word of, na op redelike gronde vermoed word, gehou, opgeberg of vervoer word, of 'n plek waar enige dier, vleis of dierlike produk wat kragtens artikel 27 (*b*) of enige ander wet by sodanige abattoir afgekeur is, ooreenkomstig 'n regulasie aangehou, vernietig, oor beskik of mee gehandel word of, na op redelike gronde vermoed word, aldus aangehou, vernietig, oor beskik of mee gehandel word, betree en met hom die helpers en die diere, voertuie, toestelle, medisynes en ander dinge wat hy vir sy doel nodig ag, saamneem en daar—";

(*b*) deur in subartikel (3) die woorde wat paragraaf (*a*) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

„Indien tydens of na 'n inspeksie kragtens hierdie Wet van 'n abattoir of 'n plek waarin 'n dier wat bestem is om by 'n abattoir geslag te word, gehou word, deur 'n inspekteur of gemagtigde persoon wat die kwalifikasies besit wat vir die doeleindes van hierdie subartikel voorgeskryf is, of deur 'n beampte aangewys kragtens artikel 21 (1) (*c*) vir die doeleindes van hierdie subartikel, sodanige inspekteur, gemagtigde persoon of aangewese beampte van oordeel is dat met betrekking tot die beheer van siekte of die vereistes voorgeskryf vir die handhawing van higiëne—"; en

(*c*) deur subartikel (5) te skrap.

Vervanging van artikel 31 van Wet 87 van 1967.

**13.** Artikel 31 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Invoer en uitvoer van vleis en dierlike produkte.

**31.** Niemand mag enige vars vleis van 'n dier of enige dierlike produk invoer of uitvoer nie behalwe ooreenkomstig die vereistes of voorwaardes wat voorgeskryf word.".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





**Amendment of section 32 of Act 87 of 1967.**

**14.** Section 32 (1) of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the substitution for paragraph (*d*) of the following paragraph:

"(*d*) uses in respect of any abattoir, for the purpose of designating any fresh meat or animal product derived from an animal slaughtered at such abattoir, any identification number which has not been allotted to that abattoir under this Act; or";

(*b*) by the substitution for paragraph (*q*) of the following paragraph:

"(*q*) imports or exports any fresh meat or animal product in contravention of section 31,"; and

(*c*) by the substitution for paragraph (*i*) of the following paragraph:

" (*i*) in the case of an offence referred to in paragraph (*a*), (*c*), (*d*), (*l*), (*n*), (*o*), (*p*) or (*q*) to a fine not exceeding ten thousand rand or to imprisonment for a period not exceeding five years or to both such fine and such imprisonment;".

**Amendment of section 38 of Act 87 of 1967.**

**15.** Section 38 (1) of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the substitution for paragraph (*i*) of the following paragraph:

" (*i*) prescribing standards and procedures for the inspection of animals, meat and animal products, including the identification, classification and control thereof;";

(*b*) by the substitution for paragraph (*l*) of the following paragraph:

"(*l*) prescribing methods and procedures to be followed and the facilities to be provided at an abattoir in regard to the marking, handling, refrigeration, storage, cutting, deboning, preparation, packing, freezing, treatment, preservation or disposal of animals, meat and animal products which have been—

(i) passed as fit for human consumption;
(ii) seized; or
(iii) condemned as unfit for human consumption;";

(*c*) by the substitution for paragraph (*m*) of the following paragraph:

"(*m*) prescribing the fees to be paid—

(i) for any inspection or other duty carried out under this Act by an inspector, an authorized person or a designated officer;
(ii) in respect of an application under section 4 (1); and
(iii) for the use, in terms of section 22 (3), of the services provided at a State controlled laboratory;";

(*d*) by the substitution for paragraph (*u*) of the following paragraph:

"(*u*) prescribing the duties and qualifications of inspectors and authorized persons;"; and

(*e*) by the substitution for paragraph (*w*) of the following paragraph:

"(*w*) prohibiting, regulating or controlling the bringing into an abattoir of animals not intended to be slaughtered at the abattoir or the removal from an abattoir of animals or infectious things;".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





**14.** Artikel 32 (1) van die Hoofwet word hierby gewysig— **Wysiging van artikel 32 van Wet 87 van 1967.**

(*a*) deur paragraaf (*d*) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*d*) ten opsigte van 'n abattoir, 'n identifikasienommer wat nie kragtens hierdie Wet aan daardie abattoir toegeken is nie, gebruik met die doel om enige vars vleis of dierlike produk wat verkry is van 'n dier wat by sodanige abattoir geslag is, te onderskei; of";

(*b*) deur paragraaf (*q*) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*q*) enige vars vleis of dierlike produk in stryd met die bepalings van artikel 31 invoer of uitvoer,"; en

(*c*) deur paragraaf (*i*) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*i*) in die geval van 'n in paragraaf (*a*), (*c*), (*d*), (*l*), (*n*), (*o*), (*p*) of (*q*) bedoelde misdryf, met 'n boete van hoogstens tien duisend rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar of met sowel sodanige boete as sodanige gevangenisstraf;".

**15.** Artikel 38 (1) van die Hoofwet word hierby gewysig— **Wysiging van artikel 38 van Wet 87 van 1967.**

(*a*) deur paragraaf (*i*) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*i*) wat standaarde en prosedures vir die inspeksie van diere, vleis en dierlike produkte, met inbegrip van die identifisering, klassifisering en beheer daarvan, voorskryf;";

(*b*) deur paragraaf (*l*) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*l*) wat metodes en prosedures wat gevolg moet word en die fasiliteite wat by 'n abattoir voorsien moet word met betrekking tot die merk, hantering, verkoeling, opberging, opsny, ontbening, voorbereiding, verpakking, bevriesing, behandeling en preservering van of beskikking oor diere, vleis en dierlike prudukte wat—

(i) as geskik vir menslike verbruik goedgekeur is;
(ii) beslag op gelê is; of
(iii) as ongeskik vir menslike verbruik afgekeur is,

voorskryf;";

(*c*) deur paragraaf (*m*) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*m*) wat die gelde voorskyf wat betaal moet word—

(i) vir 'n inspeksie of ander plig wat deur 'n inspekteur, gemagtigde persoon of aangewese beampte kragtens hierdie Wet uitgevoer word;
(ii) ten opsigte van 'n aansoek kragtens artikel 4 (1); en
(iii) vir die gebruik, kragtens artikel 22 (3), van die dienste wat by 'n Staatsbeheerde laboratorium verskaf word;";

(*d*) deur paragraaf (*u*) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*u*) wat die pligte, en kwalifikasies van inspekteurs en gemagtigde persone voorskryf;"; en

(*e*) deur paragraaf (*w*) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*w*) wat die inbring in 'n abattoir van diere wat nie bestem is om by die abattoir geslag te word nie, of die verwydering uit 'n abattoir van diere of besmetlike dinge verbied, reël of beheer;".

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*





**Repeal or amendment of laws.**

**16.** The laws specified in the Schedule are hereby repealed or amended to the extent set out in the third column thereof.

**Short title and commencement.**

**17.** This Act shall be called the Animal Slaughter, Meat and Animal Products Hygiene Amendment Act, 1975, and the provisions thereof shall come into opera ion on a date to be fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

---

## Schedule

LAWS REPEALED OR AMENDED

| Number and year of law | Short title | Extent of repeal or amendment |
|---|---|---|
| Act No. 48 of 1934 . | Livestock and Meat Industries Act, 1934. | The whole |
| Act No. 36 of 1947 . | Fertilizers, Farm Feeds, Agricultural Remedies and Stock Remedies Act, 1947. | (1) In section 1, the deletion of the definition of "sterilizing plant".<br>(2) In section 2, the substitution for the words "stock remedies or sterilizing plants" of the words "or stock remedies."<br>(3) In sections 3 (1), 3 (2), 4 (*a*), 4 (*b*) and 4 (*d*), the substitution for the words "stock remedy or sterilizing plant", wherever they occur, of the words "or stock remedy".<br>(4) The repeal of paragraph (*c*) of section 4.<br>(5) The repeal of section 8.<br>(6) In section 15 (1) (*a*), the deletion of the words "or any sterilizing plant".<br>(7) In section 15 (1) (*b*) the deletion—<br>(*a*) of the words "or any sterilizing plant" and<br>(*b*) of the word "other".<br>(8) In section 23 (1) (*a*), the substitution for the words "stock remedies and sterilizing plants" of the words "and stock remedies".<br>(9) In section 23 (1) (*h*), the deletion of the words "and the manner of inspection of sterilizing plants". |

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*





**16.** Die wette in die Bylae vermeld, word hierby herroep of gewysig in die mate in die derde kolom daarvan uiteengesit. Herroeping of wysiging van wette.

**17.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Higiëne by Diereslag, Vleis en Dierlike Produkte, 1975, en die bepalings daarvan tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal. Kort titel en inwerkingtreding.

## Bylae

WETTE HERROEP OF GEWYSIG

| Nommer en jaar van wet | Kort titel | In hoeverre herroep of gewysig |
|---|---|---|
| Wet No. 48 van 1934 | Wet op die Vee- en Vleisnywerhede, 1934 | Die geheel |
| Wet No. 36 van 1947 | Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels, 1947 | (1) In artikel 1 word die omskrywing van „steriliseringsinstallasie" geskrap. |
| | | (2) In artikel 2 word die woorde „veemiddels of steriliseringsinstallasies" deur die woorde „of veemiddels" vervang. |
| | | (3) In artikels 3 (1), 3 (2), 4 (*a*), 4 (*b*) en 4 (*d*) word die woorde „veemiddel of steriliseringsinstallasie", oral waar dit voorkom, deur die woorde „of veemiddel" vervang. |
| | | (4) Paragraaf (*c*) van artikel 4 word herroep. |
| | | (5) Artikel 8 word herroep. |
| | | (6) In artikel 15 (1) (*a*) word die woorde „of steriliseringsinstallasie" geskrap. |
| | | (7) In artikel 15 (1) (*b*) word— (*a*) die woorde „of 'n steriliseringsinstallasie" en (*b*) die woord „ander", geskrap. |
| | | (8) In artikel 23 (1) (*a*) word die woorde „veemiddels en steriliseringsinstallasies" deur die woorde „en veemiddels" vervang. |
| | | (9) In artikel 23 (1) (*h*) word die woorde „en die wyse waarop steriliseringsinstallasies geïnspekteer moet word" geskrap. |